

23 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 31:23-40
Fokusgedeelte: Jeremia 31:27-33

Die nuwe Verbond

In die boek Jeremia kry die profesieë oor die geestelike verlossing van Israel al hoe meer klem. 'n Nuwe Verbond kom nou aan die orde. Die ou wettisisme, wat baie op die uiterlike gerig was, word nou verdiep tot 'n innerlike wet. Die geestelike ervaring van verlossing uit die slawerny van die sonde verplaas nou meer en meer die fisiese verlossing van die juk van die slawerny onder die vyandelike volkere. Die nuwe verbond vervang nou die oue. Die wet wat op die kliptafels uitgeskrywe was word vervang deur die wet wat geskrywe word op die tafels van die hart. Daar is 'n innerlike beleving van die wet. Dit is 'n tyd waarin die werk van die Heilige Gees al sterker in die godsdienste van die godsvolk tot uiting kom. Dit is nie meer soseer die direkte woorde van die profeet nie, maar die inspraak van die Heilige Gees in die hart wat nou die bekering bewerk. Dat God se redding ook op die ewige sielsverlossing wys, kom al sterker aan die orde.

Sing: Skrifberyming 43:6

Ds DL de Beer (Emeritus)